REËLS: AFFIE-GIMNASIUM

Algemeen

Afrikaanse Hoër Seunskool/Gimnasium sal geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige besering/skade/diefstal wat binne die gimnasium plaasvind nie.

Slegs oefenprogramme wat deur die gimnasiumpersoneel of ‘n gekwalifiseerde persoon opgestel is, mag in die gimnasium gevolg word.

Indien afrigters in spanverband spesifieke tye bespreek, moet seuns streng by hul besprekingstye hou.

Betaling

Gimnasiumtariewe is maandeliks/kwartaalliks/jaarliks vooruit betaalbaar.

Betaling van gimnasiumtariewe vind by Afrikaanse Hoër Seunskool se finansiële kantoor plaas. Kwitansies moet dan by die gimnasium ingedien word.

Indien betaling nie vooraf plaasvind nie, sal die koste teen die seun se skoolrekening gehef word.

Biokinetika (Rehabilitasie)

Slegs Affie-seuns wat gimnasiumlede is, mag gratis rehabilitasie ontvang. Nie-lede betaal vasgestelde privaattariewe.

Afsprake moet twee uur voor die tyd gekanselleer word. Indien afsprake nie vroegtydig gekanselleer word nie, word ‘n bedrag van R50 boete gehef.

Boetes moet eers vereffen word, voordat nuwe afsprake toegelaat sal word.

Gedrag

Goeie gedrag en taalgebruik word van al ons Affie-leerders verwag.

Hardloop- en ander bal-aktiwiteite is verbode in die gimnasium, behalwe as dit deel is van ‘n voorgeskrewe oefenprogram.

Kleredrag

Die dra van FLO-drag is verpligtend tydens oefensessies.

Die dra van oefenskoene (tekkies) is verpligtend. Lede mag nie kaalvoet, met plakkies, rugbystewels of spykerskoene oefen nie.

Die gebruik van ‘n oefenhanddoek tydens ‘n oefensessie is verpligtend.

Toegang

Toegang tot die gimnasium geskied op die seun se eie risiko.

Slegs Affie-seuns en Affie-personeel mag die gimnasium en apparaat gebruik.

Privaatkliënte oefen teen privaattariewe op vasgestelde tye (soos bepaal deur die biokinetikus).

Seuns sal slegs in die gimnasium toegelaat word nadat hulle ‘n aansoek-, vrywarings- en mediese vorm ingedien het.

Reg van toegang word voorbehou.

Tye (lede kan binne hierdie tye die gimnasium gebruik)

Maandag: 05:30 – 07:00 en 13:40 – 17:00
Dinsdag: 05:30 – 07:00 en 13:40 – 17:00
Woensdag: 05:30 – 07:00 en 13:40 – 17:00
Donderdag: 05:30 – 07:00 en 13:40 – 17:00
Vrydag: 05:30 – 07:00

Verversings

Slegs water- en sportaanvullings mag in die gimnasium gebruik word. Gaskoeldrank, skyfies, lekkernye, ens. word verbied.
‘n Waterbottel vir elke leerder is verpligtend tydens ‘n oefensessie. Neem genoeg water in tydens elke sessie.
Alkoholiese drank en verbode stimulante word verbied in die Affie-gimnasium. Persone wat in besit van bogenoemde middels is, sal streng vervolg word.